

AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

JOU

# INLIGTINGSGIDS

AKADEMIA IS DEUR DIE SOLIDARITEIT BEWEGING BEGIN om 'n Afrikaanse gemeenskapsuniversiteit te wees wat toegang tot universiteitswese in Afrikaans bevorder en dit uitbou in die moderne internasionale samelewing. In 'n poging om toeganklike gehalte hoër onderwys in Afrikaans te bevorder, bied Akademia nauurse afstand- en voltydse kampusstudie aan.

Akademia is ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as ŉ privaat Afrikaanse hoëronderwysinstelling geregistreer.

Akademia se programme is ook deur die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer – dieselfde statutêre liggaam wat openbare universiteite se programme in Suid-Afrika akkrediteer.

"Jou loopbaanreis begin hier."

## ONDERRIGLEERMODELLE

Akademia bied vele oplossings vir die duisende Afrikaanssprekendes wat in ŉ vriendelike, verstaanbare en gehalte omgewing onderrig in hulle moedertaal wil ontvang.

Studente het ŉ keuse tussen nauurse afstandstudie oor ŉ netwerk van sentrums of via e-leer, en voltydse studie by die Centurion-kampusse.

| NAUURSE AFSTANDMODEL | VOLTYDSE KAMPUSMODEL |
|---|---|
| Aangebied by sentrums of via e-leer | Aangebied op die Centurion-kampusse |
| Ideaal vir werkendes wat nauurs wil studeer | Ideaal vir skoolverlaters wat voltyds wil studeer |
| Studente woon klas by op weeksaande en Saterdae | Studente draf bedags klas |
| Gevorderde tegnologie verbind dosente en studente in virtuele leerruimte | Dosente gee klas op tradisionele manier |
| Beperkte studentelewe | Aktiewe studentelewe |

*Klik **hier** vir meer oor die verskil tussen die onderrigleermodelle*

## HOE STUDEER EK OP DIE NAUURSE AFSTANDSMODEL?

Akademia se nauurse afstandsmodel is aantreklik vir studente wat nie voltyds op kampus kan of wil studeer nie. Talle studente kies om te werk of ander belangstellings na te streef terwyl hulle studeer. Akademia se sentrums, waar nauurse afstandstudente klas met hulle eie skootrekenaars en oorfone bywoon, is ingerig as netjiese saamwerkruimtes met wissellessenaars. Saamwerkruimtes bied stabiele krag en gratis breëband-internettoegang op veilige persele. Die ideale van Akademia as gemeenskapsuniversiteit word deur hierdie sentrums vergestalt deurdat bande gesmee word, gesprekke gevoer word en vriendskappe gebou word. Akademia-studente (bekend as Fonties) wat goedkeuring ontvang het om via die e-leeropsie klas te draf, skakel ook aanlyn by kontaksessies in.

In die tye tussen kontaksessies word studente se leerproses gerig deur ŉ vooraanstaande leerbestuurstelsel genaamd die Spens. Ná afloop van klaskontaksessies word die opnames binne enkele dae op die Spens vir studente beskikbaar gemaak. Hier kan studente video-opnames van die kontaksessie aflaai of argiefmateriaal bestudeer.

*Studente word outomaties ingedeel om verpligte kontaksessies by ŉ sentrum by te woon. ŉ Spesiale aansoek kan voltooi word om vir e-leer oorweeg te word. Bepalings en voorwaardes geld.

---

## HOE STUDEER EK OP DIE VOLTYDSE KAMPUSMODEL?


Op Akademia se voltydse kampusmodel studeer studente voltyds op die tradisionele wyse. Studente woon bedags verpligte kontaksessies by die Gerhardstraat-, of Leriba-kampus in Centurion by. Soos met die afstandsmodel, verkry studente toegang tot Akademia se digitale leerruimte, die Spens, waar leermateriaal en -ondersteuning gebied word. Kontaksessies is interaktief en studente kan direk vrae aan die dosent rig of met medestudente skakel in die klas.

Die kampusmodel word ingerig met onder andere ŉ kafeteria, kliëntedienssentrum, ŉ biblioteek, asook verskeie studente-ondersteuningsinisiatiewe. Studente in hierdie model word opgeneem in ŉ aktiewe studentelewe.



## AKADEMIA SE SENTRUMS

KLIK HIER VIR ADRESSE



| GAUTENG | VRYSTAAT | WES-KAAP |
| --- | --- | --- |
| Centurion | Bloemfontein | George |
| Moot | | Somerset-Wes |
| | | Paarl |

*Die voltydse kampusmodel word by die Centurion-kampus aangebied.

# STUDIERIGTINGS

Akademia bied die volgende geakkrediteerde programme aan.

| | Nauurse afstands-model (sentrums of e-leer) *spesiale aansoekproses om vir e-leer te kwalifiseer | Voltydse kampusmodel (Centurion-kampusse) |
|---|---|---|
| **Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe** | | |
| BComHons (Ondenemingsbestuur) | ✔ | |
| Nagraadse Diploma in Belasting | ✔ | |
| Nagraadse Diploma in Bestuursrekeningkunde | ✔ | |
| BCom (Bestuursrekeningkunde) | ✔ | |
| BCom (Ekonomie en Regte) | ✔ | ✔ |
| BCom (Finansiële Beplanning) | ✔ | |
| BCom (Finansiële en Bestuursrekeningkunde) | | ✔ |
| BCom (Ondernemingsbestuur) | ✔ | ✔ |
| Gevorderde Diploma in Projekbestuur | ✔ | |
| Hoër Sertifikaat in Kantooradministrasie | ✔ | |
| Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde | ✔ | |
| **Fakulteit Geesteswetenskappez** | | |
| BA (Kommunikasie en Joernalistiek) | | ✔ |
| BSocSci (Politiek, Filosofie en Ekonomie) | ✔ | ✔ |
| BA (Taalstudies) | | ✔ |
| **Fakulteit Natuurwetenskappe** | | |
| BSc (Rekenaarwetenskappe) | | ✔ |
| BSc (Wiskundige Wetenskappe) | | ✔ |
| **Fakulteit Opvoedkunde** | | |
| Nagraadse Onderwyssertifikaat (Senior Fase- en VOO-onderwys) | ✔ | |
| BEd (Intermediêre Fase-onderwys) | | ✔ |
| BEd (Grondslagfase-onderwys) | | ✔ |
| **Fakulteit Regsgeleerdheid** | | |
| Baccalaureus Legum (LLB) | ✔ | ✔ |

## AANSOEK VIR STUDIE

Akademia se aansoeke vind eksklusief aanlyn plaas, en kan hier op die instansie se webblad gevind word. Laat sowat 20 minute toe om jou aansoek te voltooi.

- Gesertifiseerde **matrieksertifikaat** / mees **onlangse matriekpunte**
- Gesertifiseerde **identiteitsdokument**
- **CV**
- Enige vorige **naskoolse kwalifikasie** *(in die geval van mense ouer as 19)*

DOEN AANSOEK

# BETALINGSOPSIE VIR 2025

Die volgende betalingsopsies is beskikbaar en die programkoste per afbetalingsopsie word hieronder aangedui.

### VOLTYDSE KAMPUSMODEL

Ná betaling van die registrasiefooi van R5 000 kan die student:

- Die volle studiekoste eenmalig vereffen; of
- 'n afbetalingsooreenkoms met Akademia sluit, waarvolgens afbetaling van die oorblywende studiegelde vanaf einde Februarie tot einde November onderskeidelik met een tiende per maand vereffen moet word. 50% van die totale studiekoste vir die jaar moet voor 30 Junie 2025 betaal wees.

### NAUURSE AFSTANDMODEL

- Die volle studiekoste kan eenmalig vereffen word; of
- 'n afbetalingsooreenkoms kan met Akademia gesluit word, waarvolgens afbetaling van die studiegelde vanaf einde Februarie tot einde November onderskeidelik met een tiende per maand vereffen moet word. 50% van die totale studiekoste vir die jaar moet voor 30 Junie 2025 betaal wees.



## JY KAN HELP OM STUDIEDROME TE VERWESENLIK

Dra by tot Akademia se skenkingsfonds || Klik **HIER** vir meer inligting

*Meeste skenkings is belastingterugeisbaar, en die Akademia-skenkingsfonds reik graag ŉ artikel 18A-sertifikaat in hierdie verband uit

*Kontak ons by* skenking@akademia.ac.za

# Het jy nog **vrae?**

Besoek die "Gereelde vrae en antwoorde"-afdeling op die Akademia-webblad, stuur 'n e-pos na navrae@akademia.ac.za of WhatsApp ons by 087 997 1790.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.